

# Byvoeging tot planbeskrywing

## Beleggingswaarborg

### Waarborgtipe: B

#### Hoe werk die beleggingswaarborg?

Vir 'n beleggingsfonds wat 'n beleggingswaarborg bied, word die fondswaarde gewaarborg om nie minder as die gewaarborgde bedrag van daardie beleggingsfonds, soos vir 'n spesifieke plan bereken, te wees nie. Die gewaarborgde bedrag van 'n beleggingsfonds is gelyk aan die betalings minus betalingsheffings, indien van toepassing, toegedeel aan daardie beleggingsfonds, elke jaar opgehoop teen die gewaarborgde koers vir die beleggingsfonds.

Die beleggingswaarborg geld slegs op die beleggingswaarborgdatum soos in die staat aangedui word. As die fondswaarde van 'n beleggingsfonds dan minder is as die gewaarborgde bedrag van daardie beleggingsfonds, sal ons meer eenhede by daardie beleggingsfonds voeg, om sodoende die vereiste waarde te gee.

As die fondswaarde as gevolg van 'n wysiging verminder word, sal die gewaarborgde bedrag van 'n beleggingsfonds dienooreenkomstig verminder word. Vir onttrekkings wat gemaak word om 'n tussenganger vir deurlopende beleggingsadvies te betaal, indien van toepassing, sal die gewaarborgde bedrag egter nie verminder word nie.

#### Wanneer sal die beleggingswaarborg gekanselleer word?

As die fondswaarde van 'n beleggingsfonds waarvoor 'n beleggingswaarborg gekies is ooit omgeskakel of onttrek word, sal die gewaarborgde bedrag van daardie beleggingsfonds na nul verminder word en die beleggingswaarborg van daardie beleggingsfonds sal gekanselleer word. Hierdie kansellasie sal nie plaasvind nie as die herhalende betaling, minus heffings, in daardie stadium steeds aan daardie beleggingsfonds toegedeel word.

#### Wat gebeur as 'n beleggingsfonds vir verdere beleggings gesluit word of ontbind word? Of, as die persentasie aandele en buitelandse bates in 'n beleggingsfonds wat deur 'n eksterne batebestuurder bestuur word 50% oorskry?

Om die beleggingswaarborg te behou, het ons die reg om alle toekomstige betalings wat bedoel is vir die beleggingsfonds wat 'n beleggingswaarborg bied, aan 'n alternatiewe beleggingsfonds van ons keuse toe te wys. Verder sal die fondswaarde van die beleggingsfonds wat 'n beleggingswaarborg bied, na hierdie alternatiewe beleggingsfonds geskuif word. Die beleggingswaarborg sal dan op hierdie alternatiewe beleggingsfonds van toepassing wees.

---